Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Alison February**
Hoofdirektoraat: Mensbestuurspraktyke
Alison.February@westerncape.gov.za | 021 467 2683

Lêerno.: 3/3/1/1/3
Verwysing: 20230914-8094

Omsendbrief: 0025/2023
Vervaldatum: 30 September 2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief bevat inligting oor die einde van Fase IV van die Presidensiële Jeugindiensnemingsinisiatief en maak voorsiening vir die verlenging van kontrakte.*

**Onderwerp: Presidensiële Jeugindiensnemingsinisiatief (PJII) in die basiese-onderwyssektor – einde van Fase IV en verlenging van kontrakte**

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) bedank graag alle prinsipale en beheerliggame vir die skep van werkgeleenthede vir, en die ondersteuning van die werklose jeug in hul gemeenskappe. Deelname aan hierdie projek maak deure oop en skep loopbaangeleenthede om vooruitsigte vir die jeug te bevorder.

2. Die jeug wat in Fase IV geakkommodeer is, het gebaat by 'n indiensnemingstydperk wat op 01 Februarie 2023 'n aanvang geneem het. Daar moet op gelet word dat Fase IV **op 30 September 2023 sal eindig**, en dit is **noodsaaklik dat alle assistente aan hierdie einddatum herinner word**.

3. 'n Finansiële rekonsiliasie is vir Fase IV gedoen om vas te stel watter gedeelte van die begroting vir die moontlike verlenging van kontrakte beskikbaar is. Die beskikbare begroting stel die WKOD in staat om die kontrakte van kurrikulum- en leesassistente tot aan die einde van November 2023 te verleng.

4. Let asseblief op die volgende:

4.1 Die kontrakte van assistente vir Inligting- en Kommunikasietegnologie, versorgings- en ondersteuningsassistente, data vaslegger, nutsmanne/-vroue en sportverrykingsassistente sal **op 30 September 2023 verstryk**.

4.2 Prinsipale moet verseker dat al hierdie assistente hul portefeuljes met bewyse aan die einde van Fase IV ontvang. Skole moet afskrifte van alle Fase IV-dokumentasie vir 'n moontlike oudit in 2024 bewaar.

4.3 Die verlengde kontrakte van **kurrikulum- en leesassistente** sal **op 30 November 2023 verstryk**.

4.4 Daar sal **geen verlenging vir die maand van Desember 2023** wees nie.

4.5 Gedurende die verlengingstydperk sal opleiding vir kurrikulum- en leesassistente beskikbaar wees.

5. Die Presidensie, die Departement van Basiese Onderwys en die WKOD bedank graag al die jeug wat deel was van Fase IV van die PJII in die basiese-onderwyssektor. Die jeug word aangemoedig om voort te gaan om die vaardighede, bevoegdhede en kennis wat hulle deur hierdie inisiatief verwerf het, te gebruik en om SAYouth.Mobi as die jeugindiensnemingsportaal te gebruik om toegang tot geleenthede te kry.

6. U ondersteuning met die implementering van die PJII word op prys gestel.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-09-20